

**22 MAART**

**SKRIFGEDEELTE: JEREMIA 14:1-16**  
**FOKUSGEDEELTE: JEREMIA 14:10**

**Droogte – hoe lank moet die Here uithou?**

Juda beleef 'n uitmergelende droogte. Mens en dier se koppe hang, hulle oë is dof. Hoe lank sal hulle uithou? Dan kom die besef: Hulle verdien die droogte. Hulle sondes getuig teen hulle. Hulle begin bid, bely hulle sonde en smee om uitkoms (vs. 7). Alles sal dan weer regkom ... Of sal dit?

Die groot vraag is nie of die volk kan uithou nie, maar of die Here met hulle kan uithou. Hy wil nie langer na verskonings of sondebelydenis luister nie, want hulle is nóg eerlik nóg opreg. Hulle loop hulle skoene stukkend tussen die tempel van die Here en die afgode (vgl. 2:25). Deur oorlog, hongersnood en pes gaan Hy 'n einde aan alles maak. Jeremia probeer nog keer, maar die Here hou voet by stuk (vergelyk vs. 13-15).

Sondebelydenis en verskonings op sigself beteken niks voor God nie. Hy eis geregtigheid! Hy straf alle sonde, want Hy is regverdig! Die mens is met sy sonde in 'n doodloopstraat. Die Here sê (vs. 16): "Ek sal die kwaad wat hulle gedoen het, op hulle eie koppe laat afkom."

Genadiglik hou die boek Jeremia nie by hoofstuk 14 op nie! Daar kom 'n hoofstuk 23 waar God belowe dat Hy vir Dawid 'n regverdige spruit sal laat opskiet, 'n Koning wat verstandig sal regeer (23:5). Hierdie Koning is natuurlik ons Here Jesus Christus. Hy kom om ons straf te dra. Ons, die skuldiges, word slegs vrygespreek omdat ons onder leiding van die Heilige Gees in Hom glo. Bid in sy Naam om vergiffenis.

*Sing: Psalm 38:1*

*Ds Danie de Kock (Krokodilrivier)*